

HOOFSTUK V.

EMPIRIESE ONDERSOEK.

1. INLEIDEND.
2. DIE BASIS VAN DIE ONDERSOEK.
3. METODES VAN ONDERSOEK.
4. GEGEWENS UIT VRAELYSTE AAN LEERLINGE EN UIT ONDER-
HOUDE.
 - A. Opset met vrae.
 - B. Besprekings van gegewens soos verkry uit ant-
woorde op vraelyste en by onderhoude.
5. VRAELYSTE AAN VOORLIGTERS.

HOOFSTUK V.EMPIRIESE ONDERSOEK.1. INLEIDEND.

Ten einde te bepaal of die oriëntering van die st. VI - leerling aan die hoërskool geslaagd is ten opsigte van die psigologiese, sosiologiese en opvoedkundige oriëntering, is 'n empiriese ondersoek by 'n aantal Transvaalse hoërskole onderneem. Met die ondersoek is getrag om vas te stel of die oriëntering van die st. VI-leerling met die gevolglike baanindeling suksesvol is, en of daar altyd in die beste belang van die kind gehandel word. In die pers en in die omgang word baie opinies ten nadele van die huidige stelsel gelug. Van owerheidsweë word aangevoer, in antwoord op hierdie kritiek, dat die stelsel wel geslaagd is.

Hierdie ondersoek was derhalwe gerig op:

- (a) die vasstelling van die gronde waarop baanindeling plaasvind,
- (b) die vasstelling van hoe die oriëntering van die st. VI-leerling verloop,
- (c) die bepaling van die wyse en mate van voorligting vir genoemde leerlinge ten einde hulle te lei in die keuse van kursusse en vakke. Die keuse van kursusse en vakke is die uitvloeiende van die differensiasiebeginsel in die onderwys en dit impliseer die verwesenliking van die beginsel in sy volle konsekwensie. Gevolglik is daar ook aandag gegee aan die implementering van die differensiasiebeginsel as sodanig in die oriënteringsproses,
- (d) die noodsaaklikheid al dan nie van baanindeling in die eerste halfjaar van st. VI en,
- (e) of dit wel noodsaaklik is dat daar reeds geheel en al in st. VI 'n baanindeling moet wees.

2. DIE BASIS VAN DIE ONDERSOEK:

Die ondersoek het gegaan oor 'n periode van vier jaar en is gebaseer op:

- (i) persoonlike ondervinding in twee groot hoërskole in Transvaal oor 'n tydperk van ses jaar waarin waarnemings gedoen en aantekeninge gemaak is i.v.m. die baanstelsel en die aanpassing van die st. VI-leerling aan die hoërskool,
- (ii) onderhoude gevoer met hoofde, onderwysers, voorligtingonderwysers en ouers van vyf verskillende hoërskole benewens gesprekke met talle onderwysers in die provinsie,
- (iii) vraelyste voorgelê aan leerlinge van hoërskole geleë in vier plattelandse dorpe in elk van Wes-, Noord- en Oos-Transvaal, semi-stedelike skole in Wes- en Oos-Transvaal - vier elk, en aan vyf skole in stedelike gebiede van Oos-, Noord- en Suid-Transvaal, benewens nog aan drie Engelsmedium skole. Hoofde en voorligters van hierdie skole is genader vir hulle samewerking nadat die opset van die studie aan hulle voorgelê is. Hulle is gevra om die vraelys aan 'n groepie leerlinge, na willekeur gekies in elke klas, te gee vir beantwoording. In die vraelys is die samewerking van die leerlinge ook gevra,¹⁾
- (iv) onderhoude is buite skooltyd gevoer met leerlinge vanaf st. 6 tot st. 10 aan vyf verskillende hoërskole (skole A, B, C, E, & T). Daar is ook indiwiduele onderhoude gevoer met nagenoeg 50 leerlinge van ander skole as die bg. waarmee toevallig kontak gemaak is. 'n Voorligtingonderwyseres en 'n ander gekwalifiseerde onderwyseres wat behoorlik ingelig is omtrent die studietema en die prosedure het aan die skole waaraan hulle verbonde is op soortgelyke wyse informasie ingewin na aanleiding van dieselfde vraelys en die nodige aantekeninge gemaak.
- (v) onderhoude is gevoer met eerste-, tweede- en derdejaarstudente van twee onderwyskolleges en twee universiteite,
- (vi) onderhoude is ook gevoer met verskeie ouers van leerlinge en aspirant-onderwysers.

Hierdie onderhoude is volgens 'n voorafbepaalde patroon gevoer. Die antwoorde is opgeteken en het gedien as leidraad

1. Sien Bylae 1 p.134

vir die opstelling van die latere vraelys.^{1a)}

Tabel I toon aan die aantal leerlinge in die verskillende standerds en bane met wie onderhoude gevoer is, klassikaal en indiwidueel, oor 'n periode van vier jaar. Somtyds is die antwoorde op vrae skriftelik verstrek en by ander geleent- hede is dit mondelings gegee.

T A B E L I.

ONDERHOUDE GEVOER MET AANTAL LEERLINGE IN VERSKILLENDE BANE

ST.	AANTAL	LEERLINGE	A BAAN	B BAAN	C BAAN
VI		600	200	260	140
VII		500	120	248	132
VIII		640	175	310	155
IX		480	190	290	-
X		350	120	230	-
TOTAAL		2570	805	1338	427

Volgens die gegewens verkry met sowel die mondelinge onderhoude as die skriftelike antwoorde, het dit geblyk dat daar 'n opmerklike uniforme patroon te bespeur is in die antwoorde van die verskillende proefpersone. Vervolgens het dieselfde gegewens gedui dat B- en C-baanleerlinge meer probleme as

1a. Vgl. p. 83.

A-baanleerlinge het, gevolglik is daar meer op e.g. twee bane gekonsentreer, soos Tabel Ia i.v.m. die voorlopige vraelys toon.

T A B E L I A

VOORLOPIGE VRAELYS - AANTAL EN STANDERDS BETREK

SKOOL	BAAN	ST. VI	VII	VIII	IX	X	TOTAAL	
A.	A-BAAN	15	12	14	22	18	81	
	B-BAAN	25	21	38	40	28	152	
	C-BAAN	20	21	16	-	-	57	290
B.	A-BAAN	8	9	6	7	8	38	
	B-BAAN	9	11	18	17	12	67	
	C-BAAN	9	9	8	-	-	26	131
TOTAAL		86	83	100	86	66	421	421

Net 28 skole is genader met die finale vraelys omdat die differensiasie van leerstof en die oriëntering van die St.VI-leerling volgens bepaalde T.O.D. voorskrifte moet geskied en daarom is 28 skole as 'n genoegsame verteenwoordigende monster beskou. Die eventuele reaksie van 21 skole word om dieselfde rede nl. die uitvoering van bepaalde T.O.D. voorskrifte, nog as voldoende verteenwoordigend beskou.

Aangesien dit verder bevind is in sowel die voorlopige as in die finale studie dat daar 'n opmerklike vaste patroon van reaksies op die vrae bestaan, is gevoel dat die aantal

leerlinge betrek in die ondersoek voldoende verteenwoordigend is van omstandighede met betrekking tot differensiasie en oriëntering in Transvaal.

Die vraelys is vir goedkeuring aan die T.O.D. voorgelê. Na 'n telefoniese gesprek met die betrokke amptenaar is die vraelyste afgestuur, dog die Departement was later nie volkome tevrede met die strekking van vraag 8 nie. Na 'n persoonlike onderhoud met die verantwoordelike amptenaar is verlof verkry om voort te kan gaan met sekere voorbehoude t.o.v. vraag 8. Aan hierdie vereistes is uitvoering gegee.²⁾

3. METODES VAN ONDERSOEK:

Oorspronklik is 'n reeks vrae opgestel na aanleiding van persoonlike kontak met leerlinge wat hanteer is en gesprekke wat met kollegas en die voorligtingonderwyser gevoer is. Ook is gebruik gemaak van die menings van briefskrywers in die pers en artikels in tydskrifte. Hierdie vrae is in die loop van twee jaar aan leerlinge voorgelê. Die antwoorde is geklassifiseer en gerangskik ten einde die algemene tendens te bepaal. Na aanleiding van hierdie gegewens is met die hulp van die kollega wat vir voorligting verantwoordelik was en die voogonderwysers van die skool waar die navorser werksaam was 'n vraelys opgestel en die volgende jaar aan 421 leerlinge in skole A(290) en B(131) gegee om te beantwoord. Hierdie antwoorde is weereens geklassifiseer, gegroepeer, en daar is

2. Sien verder p. 87 en 99 i.v.m. vraag 8.

vasgestel watter vrae onduidelik gestel was en antwoorde ontlok het wat nie ter sake of onduidelik was. Hier volg 'n bespreking van die voorlopige vraelys ten einde 'n aanduiding te gee waarom wysigings aangebring is.

BESPREKING VAN VOORLOPIGE VRAELYS:

1. Onvolledige antwoorde is hier verstrekkend vandaar die moontlike antwoorde wat onderstreep moet word op die finale vraelys. Bv. vraag 1.
2. Die moontlike redes was vir sommige leerlinge onduidelik.
3. Ook hier was die antwoorde nie rigtinggewend nie omdat leerlinge blykbaar nie bewus was van die motief met die vraag nie gevolglik is die vraag gewysig.
4. Hierdie vraag is gewysig en het as vraag 6 op die finale vraelys verskyn omdat gevoel is daar moet vollediger ge-gewens verstrekkend word.
5. Vraag 5 van hierdie vraelys is ooreenstemmend met die van vraag 5 van die finale vraelys.
6. Vraag 6 van hierdie vraelys het vraag 4 in die finale vraelys geword terwille van groepering en van reaksie.
7. Vraag 7 in hierdie vorm het feitlik dieselfde antwoorde ontlok as vraag 6 in die finale vraelys dog daar is gevoel dat die volgorde beter is soos op die finale vraelys verskyn.
8. Vraag 8 soos dit hier gestel is, het nie rekening gehou met die verpligte vakke Afrikaans en Engels nie, vandaar die gewysigde vorm.
9. Vraag 9 het nie die verwagte antwoorde wat doeltreffende oriëntasie al dan nie kon laat blyk, ontlok nie, vandaar die gewysigde vorm.
10. Vraag 10 van hierdie vraelys is ooreenstemmend met vraag 10 van die finale vraelys omdat dit bevredigende antwoorde ontlok het.
11. Vraag 11 het die C-Baanleerlinge buite rekening gelaat en dit was foutief, want informasie omtrent die C-Baan is juis as belangrik beskou.
12. Vraag 12 soos dit hier staan, het nie die ekonomiese aspek van herhaling van 'n kursus aangedui nie en ook nie die

St. IX-leerling betrek nie.

Die voorlopige vraelys het ook nie vrae i.v.m. sosiologiese en psigologiese oriëntering bevat nie en het ook nie die voorligter se rol duidelik aangedui nie. Daar was ook nie direkte vrae i.v.m. huiswerk en sport nie en volgens informasie ingewin met onderhoude het hierdie dinge juis as belangrik voorgekom en vandaar die uitbreiding van die vrae soos te sien in die finale vraelys.

Hierdie vrae is gewysig en met die hulp van 'n voorligtingonderwyser en die studieleier geredigeer en gefinaliseer. Hierdie vraelys is met die maontlike antwoorde onderaan elke vraag getik en afgerol en afgestuurd na skole tesame met begeleidende briewe wat die aard en doel van die ondersoek verduidelik en die medewerking van hoofde, voorligtingonderwysers en leerlinge belêef versoek het. Aan 25 skole, soos aangedui op p.80³⁾ is dit per pos versend en aan 3 skole is dit persoonlik besorg en weer afgehaal. Na 6 weke is opvolgbriewe met geadresseerde en gefrankeerde koeverte vir die antwoorde na die skole gestuur van wie op daardie tydstip nog nie antwoorde ontvang was nie. Na ongeveer twee maande was van 18 skole per pos antwoorde ontvang. Twee skole se antwoorde het blykbaar oor die pos verlore gegaan en navraag by die poskantoor het geen resultaat opgelewer nie. Drie skole het die vraelys te onbeantwoord teruggestuur en twee skole het nie die vraelys ontvang nie. Tabel IB toon die uiteensetting:

3. p.80 Subhoof 2(iii).

T A B E L I B.AANTAL SKOLE GENADER, MET REAKSIES ONTVANG.

GENADER	ANTW. TERUG ONTVANG POSITIEF	ONBEANTWOORD TERUGGESTUUR	VRAELYSTE NIE ONTVANG	ANTW. VERLORE	TOTAAL
25 (Afr.Med)	18	3	2	2	25
3 (Eng.Med)	3	-	-	-	3
28	21	3	2	2	28

Die ingeskrewe aantal leerlinge aan die betrokke skole het gevarieer van 360 tot 1039. Die toetslinge is volgens die versoek aan die betrokke onderwysers na willekeur gekies uit die onderskeie klasse.

4. GEGEWENS UIT VRAELYSTE AAN LEERLINGE EN UIT ONDEF-
HOUDE.

A. OPSET MET VRAE:

Die gegewens d.m.v. vraag 1 van die vraelys sou gebruik word om vas te stel of die baanindeling die leerlinge wel geval het en of daar besware is teen die plasing in 'n besondere baan. Dit moes ook aandui of daar by die kind bedenkinge bestaan oor die baantoewysing al dan nie.

Vraag 2, is ingesluit met die doel om vas te stel of die baankeuse deur die leerling en sy ouer gedoen is en of beide daartoe gekondisioneer is.

Vraag 3 moes aantoon of die leerling 'n inhibisie of minderwaardigheidsgevoel as gevolg van die baanplasing ondervind

en ook of daar 'n begeerte by die kind bestaan om liever in 'n hoër baan te wees.

Vraag 4 sou aantoon of die ouer genoeg neem met die baanindeling en of daar 'n oorreding tot aanvaarding moes plaasvind.

Vraag 5 is gestel met die doel om die rol van die voorligter in die aanbeveling van vakkeuse te bepaal. Daarteenoor is die verlangete van die ouer en leerling gestel wat betref die vakkeuse en beroepsrigting.

Vraag 6 sou eintlik dien as bevestiging van die oogmerk met vraag 5 en sou verder dien as bewys van die feit of die differensiasiebeginsel eintlik tot sy reg kom en of die ouer en leerlingkeuse wel die gewig dra wat dit veronderstel is om te dra.

Vraag 7 sou verder aantoon of die differensiasiebeginsel wel deeglik in die praktyk toepassing vind en of die skoolleerplan eintlik die beperkende faktor is saam met personeelvoorsiening, in die volle implementering van die beginsel van onderwys volgens aanleg en potensiaal.

Vraag 8. Hier was die oogmerk om te probeer vasstel of daar sprake kan wees van volledige oriëntering van die leerling ten opsigte van elke vak, sowel as om 'n bepaling te probeer maak van die rol van die onderwyser in die leerling se vakkeuse en of die leerling voldoende kennis maak met elke vak ten einde 'n oorwoë vakkeuse te kan doen.

Vraag 9 het beoog om vas te stel watter invloed 'n vak of vakke het in die bepaling van 'n baanindeling.

Vrae 10 - 12 se antwoorde sou 'n beeld kon gee van die leerlinge se aanvaarding al dan nie van die betrokke baankeuse. Dit sou ook kon aantoon of die geleentheid tot baanverandering

wel prakties moontlik is en wel uitgevoer word, m.a.w. of van die geleentheid tot kursusverandering waarvan die omsendbrief⁴⁾ melding maak, wel gebruik gemaak word.

Vraag 13 is gestel met die oogmerk om vas te stel of die psilogiese en sosiologiese oriëntering maklik of moeilik geskied en of die leerling die nodige bronne vir hulp en leiding kan bekom.

Vrae 14 - 15 se antwoorde moes informasie verskaf met betrekking tot die kind se sienswyse en ondervinding met huiswerk, sport en buitemuurse aktiwiteite.

4. BESPREKING VAN GEGEWENS SOOS VERKRY UIT ANTWOORDE OP VRAELYSTE EN BY ONDERHOUDE:

ALGEMEEN:

Gedurende die voorafgaande studie is onderhoude oor 'n tydperk van vier jaar gevoer met 2570 leerlinge vanaf st. VI tot st. X. Daar is meer op B- en C-baanleerlinge gekonsentreer aangesien by hierdie twee groepe, volgens die informasie ingewin en ondervinding opgedoen, die meeste probleme bestaan. Die onderhoude is meesal begin deur middel van 'n vraag aan die leerling oor hoe hy voel omtrent die baanstelsel en of hy gelukkig is in die besondere baan waarin hy is. Die vraag of die leerlinge meen dat die baanstelsel noodsaaklik is, het gewoonlik die verlangde reaksie uitgelok, nl. om die gesindheid omtrent 'n spesifieke baan te openbaar. Die onder-

4. T.O.D. Omsendbrief 102 van 1965, p. 1 A4 en p. 3 (c) (f)

houde is meesal klassikaal gevoer. Op die wyse het die probleemgevallen onder die leerlinge ook aan die lig gekom. Sulke gevalle is nader ondersoek en persoonlike en konfidensiële onderhoude is so ver moontlik gevoer met alle leerlinge wat afwykings getoon het. Hieronder sorteer die onderpresteerders, die wanaangepastes, trae werkers e.d.m. Spesiale aandag is gegee aan leerlinge wat hulleself in eensaamheid afsonder en gesprekke is met hulle aangeknoop,⁵⁾. Aanvanklik het die sulkes 'n mate van vyandigheid geopenbaar maar algaande is die vertrouwe gewen en dan is daar getrag om vas te stel wat die eintlike oorsaak was van die afwyking. 'n Behoorlik gekwalifiseerde onderwyseres wat deeglik op hoogte gebring is met die prosedure en vraelyste het op dieselfde wyse by die hoërskole E. & H. informasie ingesamel en aantekeninge gemaak. Hierdie gegewens is, tesame met die eie ondersoek se gegewens deur onderhoude verkry, geklassifiseer en verwerk.^{5a)} Die grootste gedeelte van die antwoorde is gedurende klassikale onderhoude skriftelik verstrekk. Dit is bevind dat dit meer spontaneiteit bewerkstellig.

Daar was 'n opmerklike ooreenstemming in die deursnee resultate verkry by die verskillende skole se leerlinge. Hierdie verskynsel het hom ook voorgedaan by die resultate verkry met die voorlopige vraelyste. As gevolg van hierdie feit is die finale vraelys nie in groot getalle versprei nie en is $\pm 15\%$ leerlinge van die proefskole, uitgesonder skole A, B, C, E, & T, by die ondersoek betrek. Die verwerkte resultate uit

5. Sien Hfst. 1, p. 114.

5a. Sien bylae 3A, 3B en 3C vir vroege gebruik in onderhoude

die finale vraelys verkry, toon 'n ooreenstemmende resultaat met die aanvanklike vraelys en die resultate van die persoonlike onderhoude. Soos uit die bylaes sal blyk was daar ooreenstemmende vrae by onderhoude gestel en by die finale vraelys, bv. Vraag 1 van die finale vraelys en vrae 12, 13 en 25 van Bylae 3A en vrae 1 - 4 van Bylae 3B, en vrae 1 - 3, 11 en 12 van Bylae 3C.

Vraag 1

Uit die gegewens m.b.t. vraag 1 van die vraelys en ooreenstemmende vrae by die onderhoude gestel, blyk dit dat daar by die A-baanleerlinge weinig probleme of ontevredenheid bestaan t.o.v. baantoewysing behalwe waar leerlinge nie die verlangde vakkeuse kon doen nie omdat dit óf nie aangebied óf nie toelaatbaar was volgens die aangebode vakkombinasie nie. Vergelyk Tabel III.

In Tabel II word aangedui die aantal leerlinge in die onderskeie standerds wat die vraelyste beantwoord het.

TABEL II

INDELING VAN LEERLINGE WAT VRAELYSTE BEANTWOORD HET.

St.	A-baan	B-baan	C-baan	Totaal
VI	60	80	160	300
VII	70	90	150	310
VIII	120	260	240	620
IX	100	280	-	380
X	110	190	-	300
TOTAAL	460	900	550	1,910

T A B E L IIIREAKSIES OP BAANPLASINGS (PERSENTASIEGEWYS UITGEDRUK)

1	2	3	4	
St. & Baan	Gelukkig & tevrede %	Ongelukkig of ontevrede %	Kan nie skeel of belangloos %	Totaal van Kol. 3 & 4
X A-Baan	100	-	-	0
X B-Baan	65	33	2	35
IX - A-Baan	98	1	1	2
IX - B-Baan	52	42	6	48
VIII A-baan	95	1	4	5
VIII B-baan	57	31	12	43
VIII C-baan	67	22	11	33
VII A-baan	91	-	9	9
VII B-baan	75	21	4	25
VII C-baan	78	16	6	22
VI A-baan	90	-	10	10
VI B-baan	80	18	2	20
VI C-baan	82	14	4	18

*Sien bylae I.

Die A-baan leerlinge wat volgens Tabel III d.w.s. 2% in st. IX, 5% in st. VIII, 9% in st. VII en 10% in st. VI, nie heeltemal tevrede of gelukkig is in die A-baan nie, voer as redes aan dat die B-baan makliker is of dat daar vakke in die B-baan doseer word wat hulle nie in die A-baan kan neem nie of dat daar 'n vak in die A-baan is wat hulle kwel weens die ingewikkeldheid of die hoeveelheid huiswerk. By die

st. VI en VII word deur sommige aangevoer dat hulle in die B-baan minder werk het of by een of ander maat in dieselfde klas wil wees of dat hulle dit teen en of ander vak of onderwyser van die A-baan het.⁶⁾

Wat die B-baan betref is daar 'n groot persentasie leerlinge wat ontevrede en/of ongelukkig is oor die baantoewysing nl. 33% by die st. X, 42% by st. IX, 31% by st. VIII. By die st. VII en st. VI is hierdie verskynsel geringer, nl. 25% en 18% resp. Vir die C-baan is die ooreenstemmende persentasies 22, 16 en 14. Die st. VI- en st. VII-leerlinge is minder bewus van die verskil in bane hoewel die bewustheid toeneem met die vordering na hoër standerds veral wat die B-baan betref. Deurgaans is bevind dat die A-baan leerlinge oor die algemeen trots is op hulle prestasie en sommige beskou dit selfs as 'n statussimbool! Kolom 4 van hierdie tabel toon dat daar diegene is wat moontlik belangstelling en idealisme verloor het as gevolg van die plasing in die B- en C-baan. Dit wil verder voorkom of daar by C-baanleerlinge in st. VI en st. VII meer gelatenheid en aanvaarding is van hulle posisie. Hulle is minder bewus van die volle implikasie van die baantoewysing. Vanaf st. VII styg die antipatie vinnig, nl. van 22% na 33%.⁷⁾

Vraag 2.

Gegewens verwerk en in Tabel IV weergegee dui daarop dat die aanbeveling van die skoolhoof en voorligter 72% van die leerlinge beweeg het om die aanbevole baan te aanvaar wanneer hulle nie vir die A-baan kwalifiseer nie. 18% verkies om nie

6. Vgl. in die verband ook Tabel VI.

7. Vgl. Tabel III p.93

in die A-baan te wees nie omdat hulle dit nie noodsaaklik vind vir die beroep wat hulle wens te kies nie - bv. onderwys of klerklike posisies. Dan is daar diegene wat erken dat die B-baan minder werk vereis en meer tyd laat vir nie-skoolse bedrywighede en hulle sorg doelbewus dat hulle nie voldoen aan die A-baan vereistes nie - 8% van die toetslinge sorteer onder die groep. Daar is ook die 2% wat nie plaasbaar is nie. Vgl Tabel IV.

T A B E L IV

GRONDE VIR BAANKEUSE UITGESONDERD A-BAAN (ALLE STANDERDS)

Aanbeveel deur Hoof of Voorligter	Beroepskeuse vereis nie A-baan	Ander redes omseiling, stel nie belang ens.	Onbekend.
72%	18%	8%	2%

Vraag 3.

Antwoorde hier verkry dui daarop dat daar wel 'n sekere stigma kleef aan die B- en C-baan en veral aan lg. Hierdie gewens staan duidelik uit by Tabel III. Leerlinge het óf 'n ideaal gehad om na die universiteit te gaan óf hulle voel dat hulle dit moeiliker sal vind om sekere betrekkinge te kry. Sommige voel dat die leerlinge van die A-baan op hulle neersien en party het selfs aangevoer dat die onderwysers op hulle neersien. Die gevoel van ongelukkigheid is veral opvallend by die st. IX B-baan. Daar is selfs die wat a.g.v. die B- of

c-baantoeuwysing belangstelling verloor en selfs in probleemgevalle ontaard.⁸⁾

Vraag 4.

Meeste ouers, \pm 70%, aanvaar die baanplasing sover dit die B-baan betref want dit word gewoonlik aan hulle verduidelik dat dit tot nadeel van die leerling is indien hulle teen die plasing sou beswaar maak. Van hierdie ouers sou 57% hulle kinders graag in die A-baan wou sien want hulle reken daar is beter en meer beroepsmoontlikhede vir die A-baanleerling. Uit die vraelyste en uit onderhoude blyk dit verder dat ruim 52% van die ouers nie baie gelukkig is wanneer hulle kinders aan die C-baan toegewys word nie. Hulle voer aan dat hierdie groep die skool verlaat met 'n agterstand wat betref loopbaanpotensiaal omdat hulle onderwys ontoereikend is om 'n goeie beroep te verseker. Die meerderheid C-baanleerling nl. 60% het die antwoord dat daar niks aan te doen is nie onderstreep.^{8a)} Daar is 'n opmerkbare ooreenkoms in die gegewens verkry na aanleiding van vrae 3 en 4. In die verband is dit ook insiggewend om die gevallestudies op p. 95 en 96 hiermee te vergelyk. Vergelyk ook Tabelle III en IVa.

T A B E L IVa

REAKSIES OP BAANPLASING.

Ouers aanvaar B-baanplasing.	Verkies A-baan.	Gee nie om.	Niks aan C-baanplasing te doen. (leerlinge)	Ouers ontevrede met C-baan.
70%	57%	22%	60 $\frac{1}{2}$	52%

8. Vgl. Crow D & Crow Alice, Adolescent development & adjustment, p. 98.

Lichter S.O. et. al., The drop-outs, p. 61.

8a. Vgl. p. 134 Vraag 4 van die vraelys aan leerlinge.

Vraag 5.

Die gegewens verkry na aanleiding van vraag 5 van die vraelys en ooreenstemmende gegewens met die onderhoude verkry, asook gedeeltelik die gegewens na aanleiding van vraag 6, dui daarop dat die aanbevelings van die hoof en die voorligter wat die vakkeuse betref, oorwegend deur die leerlinge aanvaar word nl. deur 69%. Daarteenoor gebeur dit dat ouers daarop aandrang dat hulle kinders sekere vakke moet neem, ten spyte van die aanbevelings - hoewel slegs 15%. Ook laat sommige leerlinge - 14% van hulle, hulle ook nie afraai van hulle keuse nie. Daar is egter ook 'n aanmerklike persentasie nl. 39%, wat nie die vakke kan neem wat hulle en hulle ouers begeer nie, hoofsaaklik omdat die vakke òf nie aangebied word nie òf nie in die vakkombinasie inpas nie, Hierdie groep leerlinge is veral baie ongelukkig oor die toedrag van sake. Sien Tabel V.

TABEL V

BEWEGREDES TOT VAKKEUSE (PERSENTASIE
LEERLINGE)

<u>AANBEVEEL DEUR</u> <u>HOOF/VOORLIGTER</u>	<u>OUERKEUSE</u>	<u>LEERLING</u> <u>KEUSE</u>	<u>SE</u>	<u>VERLANGDE</u> <u>NIE AANGEBIED</u>	<u>VAKKE</u>
69%	15%	14%		39%	

Onder kolom 1 d.w.s. by die 69%, is natuurlik leerlinge inbegrepe wat ook onder een of meer van die ander kolomme sorteer. Hier is noodwendig 'n oorvleueling van gevalle. Sommige

moet by gebrek aan 'n vak of vakke van hulle eie of hulle ouers se keuse, 'n vak neem wat deur die hoof of voorligter aanbeveel word of wat in die vakkombinasie van hul baan aangebied word. Al die skole kan ook nie al die erkende vakke aanbied nie weens getalle en personeelbeperkings.

Daar is die ouers wat weier om die baantoewysing - en/of die vakkeuse van die hoof en voorligter te aanvaar. So was daar die geval "Co." wat met 'n I.K. 80 en swak klasprestasie geweier het om na die C-baan te gaan en eindelik die Skool-eindsertifikaat en 'n Onderwysdiploma behaal het.

Die geval "D" is in die B-baan geplaas omdat haar Wiskunde te swak was vir die A-baan. Op Kollege het sy toe in die onderwysdiploma-studie onderskeiding in Wiskunde behaal, sowel as in Afrikaans en Engels.

Die geval "R" is weens haar klasprestasie in Wiskunde na die B-baan gedwing. Sy het toe in st. IX met Boekhou en Tik begin, beide geslaag, lg. met onderskeiding, 'n tweetaligheidsbeurs verower en nog 'n onderskeiding behaal. Ook sy het 'n Onderwysdiploma - die J.M.K., met sukses deurloop.

Die geval "Bl" het bykans dieselfde ondervinding gehad toe hy van die A-baan na die B-baan geskuif is en sy vader geweier het om dit te aanvaar. Hy is toe na 'n Hoër Tegnieese Skool waar hy nie net die Matrikulasie-eksamen geslaag het nie, maar op universiteit in sy 3e jaar B.Sc. Ingenieurswese, 'n beurs verower het.

Hierdie vier gevalle is opgevolg by die Kollege en Universiteit.

Vraag 6.

Daar is 'n groot persentasie van die leerlinge wat nie tevrede is met al die vakke wat hulle moet neem nie, deels omdat daar nie 'n ander keuse van vakke in die betrokke baan bestaan nie. Daar is ook die groep wat nie die vakke wat hulle verkies kan neem nie omdat die skool dit nie aanbied nie (21%). Daar is ook diegene wat 'n hekel ontwikkel het in vakke wat hulle eintlik moet neem ter wille van die beroepsrigting waarin hulle wil gaan. Hierdie antipatie teen vakke wissel van wiskunde tot 'n derde taal of geskiedenis. Die klagtes in die meeste gevalle is dat 'n vak nie verstaan word nie of dit te veel tyd verg as gevolg van die hoeveelheid huiswerk wat dit meebring.

Daar is ook vakke wat as sleutelvakke beskou kan word in die rol wat hulle speel in baan-toewysing en/of verandering van baan, gewoonlik na 'n laer baan.

Veral Wiskunde is so 'n vak, want 68% van die toetslinge wat 'n vak nie vir die A-baan kwalifiseer nie, of wat na 'n laer baan geskuif het om die probleem te ontkom, of nog daarmee worstel, blameer Wiskunde. Die derde tale, Duits met 20% en Latyn met 12%, veroorsaak ook een of ander van genoemde reaksies, asook Geskiedenis met 13%. Aanverwante vrae en gegewens verkry met onderhoude bevestig hierdie gevolgtrekkings soos weerspieël in Tabel VI. Daar is ook 22% van die leerlinge wat na 'n laer baan, d.w.s. die B-baan gedwing is as gevolg van vakkeuse en/of aanleg.

T A B E L VI.

ROL VAN OF VAKKE, OF STUDIERIGTING OF VAKKEUSE BY BAAN-
PLASING (d.w.s. waarom A-baan nie gekies is nie)

WISKUNDE	DUITS	LATYN	GESK.	STUDIERIGTING	VAKKE NIE AAN- GEBIED IN A- BAAN
68%	20%	12%	13%	22%	21%

Vraag 7.

Volgens gegewens ontvang na aanleiding van Vraag 7 van die vraelys en aanverwante vrae by die onderhoude blyk dit dat daar na tegniese vakke, handelsvakke, huishoudkundige en kunsvakke 'n groot vraag is terwyl hulle deur die meeste skole nie aangebied kan word nie. Hulle kan hoogstens Hout- en Metaalwerk vir seuns en Huishoudkunde vir meisies, Rekeningkunde plus nog een ander handelsvak aanbied. Musiek, verskillende kunsrigtings en 'n Bantoetaal is ook populêre keuses soos blyk uit tabel VII. Tegniese vakke word deur 73% - 81% van die leerlinge in st. IX en VIII resp. verlang, terwyl handelsvakke deur 52% - 54% aangevra word. Bantoetale en Kuns geniet die belangstelling van 38% - 39%. Huishoudkundige vakke w.o. ook Haarbewerking en Skoonheidskursusse word deur 35% - 47% van die leerlinge as keusevakke aangevra. In die verband is dit ook insiggewend om die mening van F.B. Lindsay te verneem nl. dat dit 'n tragedie is dat die meeste van ons bekwame leerlinge in dieselfde "vorm" forseer word.⁹⁾

9. Lindsay, F.B. "The invisible student in the comprehensive high school". In Alexander W.M. The changing secondary school curriculum p. 66

T A B E L VII

PERSENTASIE LEERLINGE IN ST. VIII EN ST. IX WAT BE-
GERIG IS OM TEGNIESE-, HANDELS- OF PRAKTIESE VAKKE OF
KUNS (EEN OF ANDER VORM) OF 'N BANTOETAAL TE VOLG.
(As persentasie van leerlinge)

	ST. TEGNIESE VAKKE.	HANDELS- VAKKE.	BANTOE- TAAL.	KUNS.	MUSIEK.	HUISHOUDKUNDE, HAARBEWERKING, SKOONHEID.
VIII	81%	54%	39%	38%	16%	47%
IX	73%	52%	38%	39%	15%	35%

Volgens die gegewens van tabelle V, VI en VII blyk dit dat oriëntering en differensiasie in sy volle konsekwensie nie altyd deurgevoer word nie as gevolg van beperkte personeel- en lokaalvoorsiening, fasiliteite, vakkeuse aangebied en wetlike beperking. Hopelik sal die nuwe bedeling na aanleiding van die nasionale onderwyswet van 1967 baie van hierdie onvermydelike probleme te bowe kom.

Vraag 8.

Die gegewens verkry na aanleiding van vraag 8 is nie almal gebruik nie omdat die T.O.D. beswaar geopper het teen vraag 8 op grond van moontlike inkriminerende getuienis. Hierdie vrees was egter nie nodig nie, dog aan die T.O.D. se versoek is voldoen. Daar mag egter gemeld word dat dit uit die gegewens baie duidelik blyk dat sommige onderwysers van sg. "moeilike vakke" hulle leerlinge so inspireer en hulle vak so bemeester dat wat by een skool 'n onpopulêre vak is, by 'n ander skool geensins met dieselfde stigma belas is nie.

Vraag 9.

Gegewens i.v.m. vraag 9 verkry, dui daarop dat sekere vakke gunsteling is vir die verandering van vakkeuse en selfs van kursus. Hierdie verskynsel is veral prominent na die Junie-eksamens. Tabel VIII gee 'n aanduiding van hierdie posisie.

TABEL VIII

VAKKE LAAT STAAN WEENS EEN OF ANDER BESWAAR OF PROBLEEM OF RESULTAT VAN EKSAMENS (ALLE STANDERDS) (PERSENTASIE VAN DIE VAKKE WAT LAAT STAAN WORD)

WISKUNDE	LATYN	DUITS	ANDER
63%	52%	41%	15%

Daar is 'n opmerklike ooreenkoms tussen die gegewens van Tabel VI en die van Tabel VIII. Die voorsiening van bane het bepaald 'n gelentheid geskep vir leerlinge om weg te kom van die vir hulle sogenaamde "moeilike vakke". Die antwoorde ontvang dui egter ook daarop dat daar heelwat probleme bestaan ten opsigte van die begrip van die grondbeginsels van hierdie vakke waarvan Wiskunde die belangrikste is.

In hierdie verband is dit interessant om melding te maak van 'n kleinerige hoërskool van ± 450 leerlinge waar Wiskunde nie 'n keusevak is nie, maar wel verpligtend is en die Hoof gee die versekering dat Wiskunde nie 'n "onpopulêre" of "druipvak" by sy skool is nie.

Vraag 10.

Slegs 35% van die leerlinge voel bereid, indien hulle die A-baan sou druij in st. X en 'n B-baansertifikaat sou behaal, om 'n jaar te herhaal ten einde metrikulasievrystelling te verkry. Die algemene mening is egter dat daar geleentheid sal wees om die nodige aanvullingseksamen te kan doen.

T A B E L IX.

PERSENTASIE VAN LEERLINGE WAT BEREID IS OM
A-BAAN TE HERHAAL.

TOTALE AANTAL LEERLINGE	VOOR AANVULLINGS EKSAMEN	NA AANVULLINGS ST.X EN FINALE ST. IX
St. X 650	226 of 35%	
St.IX 1510 & X		271 of 18%

Vraag 11

Daar is nagenoeg 23% van die leerlinge wat meen dat hulle mislukking in die A-baan hulle genoodsaak het om van beroepskeuse te verander a.g.v. die feit dat hulle nie metrikulasievrystelling kan verkry nie. 21% van die leerlinge kon nie die vakke wat hulle verkies het, neem nie, daar dit nie aangebied is nie. Sien Tabel X. Daarbenewens is 20% van die leerlinge afgeraai van die A-baan.

T A B E L XOORSAKE VAN VERANDERING OF AANBEVELING VAN HOËR
NA LAER BAAN (Persentasie van leerlinge)

<u>VERLANGDE VAKKE AANGEBIED</u>	<u>NIE</u>	<u>SLAAG NIE</u>	<u>A-BAAN</u>	<u>AFGERAAI VAN A-BAAN</u>
21%		23%		20%

Vraag 12.

Min leerlinge is geneig om 'n standard te herhaal indien hulle die A-baan sou druij en na die B-baan gepromoveer word. Volgens die antwoorde is daar net 18% wat gewillig is, die vernaamste oorsake vir die onwil is finansiële oorweging.

Vgl. Tabel IX.

Vraag 13.

Volgens die ondersoek blyk dit dat 35% van die leerlinge probleme ondervind in die aanpassing by die hoërskool. Hierdie probleme wissel van probleme van aanpassing by maats, organisasie, vakke, onderwysers, buiteskoolse aktiwiteite tot by huislike probleme.¹⁰). Van hierdie leerlinge wat oriënteringsprobleme ondervind, wend 48% hulle tot familieledede, maats en vriende om die probleme te bowe te kom, 22% wend hulle tot die voorligting- of voogonderwyser, 26% sukkel op hulle eie voort en 4% gaan as't ware onder in die proses - hulle het groot probleme en gee ook aanleiding tot probleme (Sien Tabel XI).

10. Vgl. Berman S.: As a psychiatrist sees pressures on middleclass teenagers, (In Alexander W.M. op. cit. p. 105)

T A B E L XI.GENEENTHEID TOT ORIËTERING EN BRON VAN BYSTAND IN
ORIËTERINGSPROSES.

MAKLIK	MOEILIK	ONSEKER	HULP VAN O/WYSER, VOORLICHTER	HULP VAN MAATS ENS.	PAS SELF AAN	GEEN HULP ONTVANG VERLORE
60%	35%	5%	22%	48%	26%	4%

Vraag 14 & 15.

Dit blyk verder volgens die antwoorde op vrae 14 en 15 dat daar heelwat probleme verbonde is aan huiswerk, sport en buitemuurse aktiwiteite. Vgl. Tabel XII. Van die 900 st. VI-leerlinge wat vraelyste beantwoord het en wat aan onderhoude deelgeneem het, het 76% gekla oor die hoeveelheid en/of tyd wat huiswerk in beslag neem in die namiddag en saans, ten spyte van die T.O.D.-regulasies in die verband. Uit verdere ondersoek het geblyk dat die klagtes nie ongegrond is nie. Volgens die getuienis van ouers en leerlinge het sommige leerlinge soveel huiswerk dat dit hulle tot 5 ure besig hou. Die st. VI = leerlinge veral vind dit moeilik om by te bly aangesien meeste van die werk heeltemal vreemd is en daar hoë eise gestel word. Mens kry die onderwysers wat hulle reputasie bo die eintlike opvoeding- en oriënteringstaak stel.¹¹⁾

11. Berman S. op. cit. p. 103.

By sport en buitemuurse aktiwiteite het die st. VI = leerlinge ook 'n bedrywige tyd, veral t.o.v. die sport. By die C-baan leerlinge is daar min aktiewe deelname in buitemuurse aktiwiteite - 5% tot 9% by die st. VI, st. VII en st. VIII resp.^{11a)}. By die A en B-baan groepe styg die bedrywigheid na 40% en 46% resp. By die sport is die styging hoër - sien Tabel XII. Hierdie aspek van die skoollewe skyn ernstig genoeg te wees om 'n doeglike ondersoek te regverdig.

T A B E L XII.

% LEERLINGE WAT BELEMMERING OF LAS ONDERVIND VAN SPORT, BUITEMUURSE AKTIWITEITE, HUISWERK. (Persentasie van alle leerlinge)

ST.	SPORT	BUIE.AK.	HUISWERK	SPORT	BUIE.AK.	HUISWERK
VI.	54%	5%	76%	62%	40%	76%
VII,VIII	56%	9%	64%	59%	46%	64%
IX,X	-	-	-	58%	57%	62%
C-BAANLEERLINGE			A- EN B-BAANLEERLINGE			

5. VRAE AAN VOORLIGTERS.

Die opset met die vrae was om 'n beeld te kry van die voorligting en leiding deur voorligters verskaf in die oriënteringsproses.

11a. Dieselfde verskynsel was ook te bespeur by ondersoeke in die V.S.A. vgl. The educationally retarded and disadvantaged. 66th yearbook of N.S.S.E. p. 224 - 225.

Vraag 1 is gestel met die opset om vas te stel op grond waarvan leerlinge in bane geplaas word. Aan 28 skole is vraelyste voorgelê. Uit die 21 antwoorde ontvang en op grond van onderhoude met hoofde blyk dit dat uitsluitlik gebruik gemaak word van klasprestasie en I.K. gegewens. Slegs een skool het ook sy eie battery toetse opgestel en gebruik vir baanindeling. Ses skole het benewens bg. twee maatstawwe ook gebruik gemaak van die rekord van laerskoolprestasie. Kumulatiewe verslagkaarte is deur twee skole ook in oorweging geneem. Sien Tabel XIII.

T A B E L XIII

METODES VAN EVALUERING VIR BAANPLASING IN ST. VI,
SOOS BEVIND BY DIE 21 SKOLE.

METODE	LAERSKOOlpRES.	KLAS- PRESTASIE	I.K.	KUM. VERSLAGKRT.	EIE TOETSE
AANTAL SKOLE	6	21	21	2	1

Vrae 2, 3 & 4

Op vraag 2 i.v.m. diagnostiese ondersoek en op vrae 3 en 4 omtrent "Persentiel Resultate" kon nie veel konkrete gegewens verkry word nie, lg. is net by 3 skole in oënskou geneem. Na aanleiding van persoonlike ervaring het dit geblyk dat swak klasprestasie aan een of meer van velerlei oorsake gewyt kan word, bv. huislike omstandighede, persoonlike probleme, te veel sport, verhouding tot onderwysers, tot skool en tot werk, die begrip van fundamentele beginsels van vakke, gesondheidstoestand, voeding, sintuiglike gebreke, e.d.m.

Vraag 5.

Die antwoorde op vraag 5 dui daarop dat alles moontlik gedoen word deur die betrokke skole om oriëntasie t.o.v. vakkeuse en aanpassing glad te laat verloop. Die stremmende faktore is personeel en moontlike vakkeuse.

Vraag 6

Volgens antwoord op vraag 6 blyk dit dat by die aanbeveling van vakkeuse die I.K. en klasprestasie (eksamenresultate) die beslissende faktore is. Vgl. Tabel XIV.

TABEL XIV.BASIS VAN AANBEVELINGS VIR VAKKEUSE BY DIE SKOLE.

METODE	AANLEG- TOETSE.	VERLANGDE BEROEP.	EISE VAN TYD.	I.K.	KLASPREST.	VRAAG EN AANBOD.
AANTAL SKOLE	2	8	0	20	21	0

Slegs 2 skole maak gebruik van aanlegtoetse tesame met eksamenresultate. Die leerlinge se verlangde beroep word deur 8 skole as van belang geag tesame met klasprestasie om die aanbeveling vir vakkeuse te maak. Die eise van die tyd en die arbeidsmark het geen direkte invloed by die aanbeveling van vakkeuse nie. Wat geld omtrent die verlangde beroep van die leerlinge, geld eweneens vir die ouer se keuse (vgl. vraag 9).

Vrae 7 & 8

Wat vrae 7 en 8 betref is al die geraadpleegde persone dit eens dat genoegsame vakke in st. VI gegee word en wel op so 'n wyse, dat dit vir die leerling nie veel probleme kan laat om onder die leiding van onderwyser en voorligter die regte

vakkeuse te doen nie. Dit strook egter nie met die gegewens van Tabel V p. 95 en Tabel X p. 102 nie!

Vraag 9

Indien ouers besware sou hê teen vakkeuse en/of baanplasing, (vgl. byl. 24 vr. 9) word die ouers uitgenooi om hulle besware aan die hoof en voorligter te kom voorlê en sodanige ouers word aan die hand van die betrokke kinders se verstandsvermoëverslag en klasprestasies oortuig dat die aanbeveling van die hoof die beste is, en meeste van die ouers aanvaar die plasing a.g.v. die argumente daarvoor. ^{11b}

Vraag 10

Hierdie uitsluitel op vr. 9 geld eintlik ook t.o.v. vraag 10, want dit is gewoonlik ouers wat vir hulle kinders hoër ideale koester as waartoe hulle in staat is, wat nie die plasing in 'n B- of C-baan wil of kan aanvaar nie. Die feit dat die B-kursus die kandidaat uitsluit van graadstudie is nie vir almal aanneemlik nie. Ouers voel dat die C-baan, veral aan seuns weinig bied waarmee hulle die wêreld kan ingaan. Daar is by sommige ouers ook 'n bewustheid van 'n stigma wat aan die C-baan kleef. ^{11c)}

Vraag 11

Die korrektheid van indeling in bane word deur die voorligters op 75% gestel hoewel hulle terselfdertyd sê dat hulle nie oor statistiek beskik nie.

11b. Vgl. ook p. 134, Vr. 4 aan leerlinge,

11c. Vgl. Voetnoot 8, p. 94.

Vraag 12

Na aanleiding van vraag 12 is bevind dat 50% van die voorligters oortuig is dat daar wel komplekse en inhibisies ontstaan as gevolg van die baanindeling. Een geraadpleegde skoolsielkundige bevestig dat daar 'n hoë persentasie leerlinge is wat komplekse ontwikkel, veral by die B- en C-baanleerlinge wat ontevrede is met die baanindeling.

Vraag 13.

In die antwoord op vraag 13 blyk dit dat \pm 68% van die geraadpleegde persone oortuig is dat die huidige toestand nie die gunstigste is nie, maar voer aan dat dit 'n saak is wat in detail bestudeer moet word alvorens 'n aanbeveling gedoen kan word. Hulle meen egter dat die baanindeling te vroeg gedoen word. Die gedagte is deur vier voorligters en 'n skoolsielkundige uitgespreek dat baanindeling eers in st. VIII behoort te geskied. Ook Shiels tesame met Wattes, Pidgeon & Yates, stem saam.¹²⁾

Vraag 14.

In antwoord op vraag 14 blyk dit dat 80% van die geraadpleegdes van mening is dat die universiteitstoelatingsvereistes aanmerklik gewysig moet word sodat B-baanleerlinge wat baie goed presteer en bv. onderskeidings verwerf, ook toelating tot graadstudie aan 'n universiteit kan kry, veral t.o.v. die ekonomiese wetenskappe en letterkunde.

12. Shiels, F.W. op. cit., p. 134 - 147

Vraag 15 & 16.

Voorligters is dit eens dat st. VI se program van skoolwerk en buitemuurse aktiwiteite neig tot oorlaaiing en dat sommige vakonderwysers geneig is om resultate in hulle vakke bo die oriëntasie van die leerling te stel. Die leerling word opgeoffer ter wille van die vakprestige.¹³⁾ In hierdie verband is die gegewens van Tabel XII interessant. Tyd en geleentheid om probleme met voorligters te bespreek bestaan vir 'n st. VI-leerling slegs in 'n geringe mate.¹⁴⁾ Volgens inligting ingewin is daar by die leerlinge juis 'n knaende behoefte aan hierdie soort private onderhoude.

Vraag 17

Vraag 17 i.v.m. kwalifikasies toon dat nie een van die geraadpleegde voorligtingonderwysers spesiale opleiding gehad het vir die taak nie. Drie het al so 'n kursus bygewoon. Een het slegs laerskoolonderwys-opleiding gehad.

Vraag 18

Op vraag 18 het etlike voorligters gesê dat die meeste wat hulle kan doen, is om enkele ouers, wie se kinders ernstige probleme het, te vra om hulle in die namiddag by die skool te kom spreek. Van huisbesoek is daar geen sprake nie; nòg die tyd, nòg die middele is beskikbaar. Uit onderhoude met twee voorligters het dit geblyk dat rekordering en die byhou van lêers reeds so tydrowend is dat 'n klerklike assistent genoeg te doen sal hê.

13. Vgl. die verwysing in Voetnoot 11 p. 103 in hierdie verband.

14. Vgl. ook vraag 18 se antwoord.